

SIZA haal die byt uit oudits

(geskryf deur Glenneis Kriel)

INTRO: Die vrugtebedryf se etiese handelsprogram, die “Sustainability Initiative of South Africa” (SIZA), help nie net vir produsente om swak plekke in hulle arbeidspraktyke te oorkom nie, maar ook om te bewys dat hulle vrugte op ’n etiese verantwoordelike manier geproduseer word. Ondersteuning vir die program is besig om sterk toe te neem onder talle groot handelaars in die wêreld.

STORIE: Die Suid-Afrikaanse vrugte bedryf was een van die eerstes ter wêreld om die behoefte aan ’n internasionaal erkende etiese standaard te sien. Die resultaat was die ontwikkeling van ’n standaard en program wat Suid-Afrika se unieke produksie omgewing sowel as die etiese vereistes van verskeie handelaars in ag geneem het. Die program, wat in Augustus 2012 bekendgestel is, staan bekend as die “Sustainability Initiative of South Africa” (SIZA).

Die vraag is egter hoekom daar ’n behoefte aan so program is. Nicholas Dicey, voorsitter van die Suid-Afrikaanse vrugte produsente bedryfsorganisasie, HORTGRO, het verduidelik dat arbeidstoestande in Suid-Afrika baie uniek is in vergelyking met ander lande: “In Europa is plase dikwels net ’n paar hektaar groot en plaaswerk word gesien as ’n nege tot vyf werk. Die meeste Europese werkers bly ook nie op die plase nie, maar in nabygeleë dorpie. In Suid-Afrika, daarenteen, is die plase groot en geïsoleerd, met baie werkers en hulle families wat op die plase bly.”

Die bedryf het in 2008 al bewus geword van die groeiende vraag in die mark na etiese geproduseerde produkte. Die besluit is dus geneem om ’n eie kode te ontwikkel voordat ander lande kon besluit om hulle idees van goeie arbeidspraktyke op Suid-Afrikaanse produsente af te dwing.

“Ons het besef dat dit net ’n kwessie van tyd was voordat die mark etiese oudits van produsente sou vereis, want dit was baie opvallend dat verbruikers in veral eerste wêreld lande nie meer tevrede was om net te weet dat hulle kos veilig was nie. Hulle wou ook weet dat die kos geproduseer was op ’n plaas waar werkers goed behandel en ’n billike vergoeding vir hulle dienste ontvang het,” het Dicey gesê.

Een audit vir almal

Vir Dicey is die grootste voordeel van SIZA, die program se potensiaal om audit druk op produsente te verlig. “Die bedryf was die afgelope tien jaar gebombardeer met allerhande verskillende en al hoe meer produksie oudits onder die vaandel van voedselveiligheid en sekuriteit. Aan die begin was een audit genoeg om vrugte na Europa te kon uitvoer, maar vandag is daar allerhande addisionele oudits vir verskillende handelaars in dieselfde land,” het Dicey verduidelik.

Dicey se boerdery was sedert die eerste drie maande van die jaar al onderworpe aan vier oudits, wat elk in die omgewing van R14 000 gekos het. Marienet Uys, die voedselveiligheid bestuurder by Dutoit Agri, het daarop gewys dat Dutoit Agri se pakhuis alleen aan 16 oudits onderworpe was verlede jaar. Die Dutoit Agri groep besit plase en vrugte sowel as groente pakhuis in die Wes-Kaap en Oos-Kaap.

Volgens haar het die Dutoit egter nie 'n keuse oor of hulle hierdie oudits wil doen of nie: "Groot spelers wat op groot skaal soos ons handeldryf, moet eenvoudig aan die vereistes van hulle kliënte voldoen. Anders verloor jy die market."

Die SIZA kode is ge-evalueer en goedgekeur deur die Global Social Compliance Programme (GSCP), wat dien as 'n oudit verwysings platform vir verskeie internasionale maatskappy. Hierdie erkenning het daartoe gelei dat SIZA as 'n internasionale standaard aanvaar word, met 'n groeiende hoeveelheid internasionale handelaars, soos Marks & Spencer, Walmart en selfs Pick 'n Pay in Suid-Afrika, wat die program ondersteun.

Dit het teweeggebring dat produsente, wat hierdie handelaars voorsien, nie nodig het om addisionele oudits te doen om etiese handel te bewys nie, wat lei tot besparings in tyd en kostes. Hulle hoef net hulle SIZA oudit resultate aan die maatskappy te wys. "Wanneer handelaars weet dat jy 'n SIZA oudit geslaag het, is hulle geneig om jou uit te los en hul aandag eerder op hoër risiko produsente of lande te vestig," het Dickey gesê.

SIZA het ook verskeie vlakke van lidmaatskap. Plase van lede, soos Dutoit Agri en die Dickey's s'n, is op vlak vyf. Lede op hierdie vlak het 'n lae risiko profiel, so plase hoef net elke vyf jaar geoudit te word. Lede met hoër risiko's moet meer gereeld geoudit word, elke jaar tot drie jaar, afhangende van die vlak waarop hulle is.

Plaaslike voordele

SIZA voldoen aan die minimum standarde van die Suid-Afrikaanse arbeidswet. Dit help boere dus om areas te identifiseer waar hulle nie aan die wet voldoen nie. Dickey het daarop gewys dat produsente soms nie bewus is daarvan dat hulle nie aan die wette voldoen nie, veral wanneer dit by die administratiewe kant kom, waar goed op verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Hy byvoorbeeld het tydens hulle SIZA oudit ontdek dat hulle salarisstrokies nie aan al die kleiner vereistes van die wet voldoen het nie. "Op hierdie manier, is SIZA 'n middel waarmee jy jou sisteme kan verbeter," het hy gesê.

Uys het bygevoeg dat landbou 'n baie dinamiese veld is met 'n klomp tegnologiese ontwikkeling wat heelyd plaasvind. Boerdery en arbeidspraktyke moet konstant opgedateer word om te verseker dat dit inpas is met die nuwe verwickelinge, maar ook sodat werkers nie aan situasies blootgestel word wat hulle in gevaar stel nie.

Sy het verduidelik dat daar byvoorbeeld definitiewe protokolle is vir die gebruik van chemikalieë en gifstowwe: "Werkers moet opgelei word sodat hulle weet hoe om hierdie middels veilig en reg te hanteer en gebruik. Die produkte moet op die regte manier toegedien en gestoor word. Deur aan hierdie standarde te voldoen en die regte protokolle te volg, word 'n veilige werksomgewing geskep."

SIZA is ook 'n baie geloofwaardige standaard, volgens Uys. Produsente word deur onafhanklike derde partye geoudit. Tydens die oudit moet hulle nie net bewys dat al hulle papierwerk en stelsel in plek is nie, maar die ouditeure word ook toegelaat om met enige werker op die plaas te gesels en eerstehands te hoor of die produsent werklik aan die reëls voldoen. "Op hierdie manier gee die oudit produsente 'n dieper insig in die sentiment van sy werkmag," het Uys verduidelik.

Maar SIZA gee ook erkenning vir sosiale intervensies van produsente om werkers se lewens makliker te maak en dit dien as aansporing om aanhoudend nuwe geleenthede te soek om hierdie doel te bereik. Dickey het vertel dat baie boere sekere staats verantwoordelikhede op hulleself neem om te verseker dat hul werkers toegang het tot noodsaaklike geriewe. Werkers word byvoorbeeld voorsien van behuising, vervoer, dagsorg en nasorg fasiliteite, sowel as water, elektrisiteit en gesondheidsorg. Die

Diceys, byvoorbeeld, het 'n sosiale werker wat een maal per week na hulle plase kom, om om te sien na die maatskaplike gesondheid van die plaas gemeenskap.

Positiewe beeld

Terwyl dit nie die hoofdoel was nie, hoop Dicey dat SIZA in die toekoms sal dien as 'n middel waarmee die Suid-Afrikaanse landboubedryf bevorder kan word. "Suid-Afrikaanse boere word dikwels in 'n negatiewe lig gestel in die media as gevolg van ge-isoleerde insident, wat dikwels nie eers waar is nie. Met behulp van SIZA hoop ons om fisiese bewyse te kry dat die meeste produsente in werklikheid hulle werkers goed behandel, sodat ons negatiewe assosiasies met die bedryf kan verander," het hy gesê.

SIZA data kan sodoende ook moontlik gebruik word as 'n bemarkingsmiddel om nuwe markte te ontwikkel en oues te behou. "Soos wat verbruikers oor die wêreld meer besorg word oor die herkoms en manier waarop voedsel geproduseer word, sal ons bewyse hê dat ons as 'n land ons werkers goed behandel, in lyn met plaaslike wetgewing," het Dicey gesê.

Byskrifte:

SIZA1: Katrina Storm, wat vir Nicholas Dicey werk, sorteer forel pere wat so pas gepluk is.

SIZA2: Die SIZA standaard laat produsente toe om hulle self teen die arbeidswet te meet en om swakhede in arbeidspraktyke reg te stel.

SIZA4: Die meeste produsente doen ekstra moeite om 'n gesonde sosiale omgewing vir hul werkers te skep. Die Jack and Jill bewaarskool naby Prince Alfred's Hamlet, byvoorbeeld bied kleutersorg en nasorg dienste aan kinders wie se ouers by van die Dutoit Agri plase werk.

SIZA6: Van links: Annatjie van Zyl, 'n gemeenskapswerker by Crispy Farming, Khlara Hanekom, een van die babas by Jack and Jill, en Martienet Uys, voedselveiligheid bestuurder staan vir 'n foto.

Uitgegee deur:	SIZA
Datum:	4 April 2016
Geskryf deur:	Glennis Kriel
Kontakpersoon:	Retha Louw
Tel/Epos	082 302 7507 / retha@siza.co.za